Testimonials | Getuigskrifte

Insake: Voorligtingsessie:
Sinmarie Pieterse Opvoedkundige sielkundige (Graad 9- 2009)

Met hierdie skrywe wil ek graag my ondervinding by Hoërskool Strand met u deel, en ook 'n pluimpie vir u gee ten opsigte van die uitstekende diens gelewer deur Sinmarie Pieterse.

Vir ons, as ouers wat kinders vir die eerste keer in die hoërskool het, is dit baie oorweldigend en is daar ook heelwat onsekerheid wat ons ondervind, wanneer mens gewigtige besluite moet neem oor jou kind se toekomstige vakkeuses met die oog op loopbaankeuses later.

Met die oueraand - inligtingsessie is daar wel oor betrokke vakke gesels, maar ons het gevind dat daar so 'n klomp inligting op een slag gegee word, dat mens byna nie alles kan inneem nie. Ons het ook voorgestel dat daar 'n cd gesny kan word oor die inligting of op die web-tuiste geplaas kan word, wat mens weer kan deurkyk of raadpleeg.

Daar is ook in April gratis toetsing vir ons gedoen deur Human Progress Management (aanleg en voorligtingstoetse) waar die uitslae eers aan ons deurgegee is op die betrokke oueraand (29 Julie). Dit is alles goed en wel, maar wat help toetsing as daar nie juis vir mens verduidelik word wat nou eintlik aangaan op die betrokke terugvoerdokument nie? Drie weke later moet ons vakkeuses inhandig. Ek voel persoonlik dat die pap hier op die grond val.

Ons het ook wel 'n inligtingstuk gekry van die Universiteit Stellenbosch, waar ons deur die skool 'n afspraak kon maak vir toetsing. (So het dit gelyk, volgens die afskeurstrokie). Waardevolle tyd het verlore gegaan en na aanvanklike misverstande van my kant af aangespreek is, verneem ons dat die skool slegs die lokaal voorsien en nie verantwoordelik is vir die reëlings nie.Hierna het ek die afspraak self gereël en Sinmarie Pieterse het onderneem om dinge uit te stryk, sodat die toetsing by die skool kon plaasvind.

Van dag een af, was Sinmarie uiters professioneel, sy het ons deurlopend op hoogte gehou van elke nuwe reëling, tot en met die dag van ons afspraak die 6 Okt 2009 by die skool. Die terugvoersessie was ongelooflik goed voorberei, selfs my skaam kind het ontdooi en begin saam gesels. Die inligting het gehandel oor vakkeuses, loopbaan moontlikhede, persoonlikheidseienskappe en ook haar aanlegte is volledig gedek, met geleentheid vir vrae en goeie logiese verduidelikings.

Sinmarie het 'n besonderse aangename persoonlikheid wat mens "uitnooi" om te ontspan en sy toon 'n natuurlike aanleg om met kinders te werk. Die wyse van optrede dui daarop dat sy 'n kenner op haar gebied is. Sy het selfs inligtingstukke en gidse van die universiteit in my kind se betrokke belangstellingsvelde en sterk punte saamgebring en daaroor gesels! Die diens is by die skool kom lewer, en dit is mos nou baie tegemoetkomend vir ouers en voordelig vir die skool.

Vir my is dit ook 'n goeie aanduiding wat op hierdie kampus gebeur, ek sal dit sterk oorweeg om my kind hier te laat studeer, indien dit die manier is waarop voornemende studente begelei word.

Ons het dit ook so oorgedra in 'n skrywe aan die hoof, meneer Christo Vorster.

Ek het ook die voorstel gemaak dat die skool dalk kan kyk na opsies om die leerders meer toe te rus deur sprekers uit te nooi in verskillende beroepe, om te kom gesels oor hulle veld en watter vakke mens vir watter beroep nodig kry. Die mense kan dalk in samewerking met die Universiteit Stellenbosch en hul voorligtingsafdeling gekombineer word, watter vakke op universiteit na watter beroepe kan lei.

Dit sal hope pyn en ellende spaar, veral wanneer leerders in graad 11 kom en besef die vakkeuses is verkeerd, selfs so vroeg soos graad nege, kan dit verwarring en rigtingloosheid beter aanspreek.

Ek het dan ook aanbeveel dat die skool baie baat kan vind by Sinmarie Pieterse en die Universiteit se dienste, dit is uiters professioneel en verskaf die nodige leiding wat mens voor so ‘n belangrike besluit verwag.

.....

“Thankyou for seeing us today and the excellent feedback and useful tips and guidelines not just to Chris but also us as parents. I have no doubt that Chris will “seize the day “ and make a tremendous success of his life. Thanks for your encouragement to us as parents as well”.

.....

Glenwood House Independent School in George, Suid Kaap, maak al die afgelope twee jaar gebruik van die dienste van Sinmarie Pieters.

Dit is n plesier en voorreg om saam met haar te werk, haar diens en ondersteuning is professioneel, vriendelik en die leerders en ouers is meer as tevrede met die resultate en terugvoer.

Sy hou my op hoogte van haar besoeke aan die Suid Kaap en maak dit so maklik vir my om lank vooruit te beplan. Dit maak dit ook vir die skool maklik om die kinders op ‘n baie professionele wyse te ondersteun in die keuses van vakke en moontlike loopbane.

Baie dankie vir uitstekende diens en vriendelike ondersteuning en samewerking.

.....

Met die skrywe wil ek graag my ondervinding met u deel en ook n pluimpie vir u gee ten opsigte van die uitstekende diens gelewer deur Sinmarie Pieterse.

Sinmarie was van dag een, uiters professioneel. Die terugvoersessie was ongelooflik goed voorberei, selfs my skaam kind het ontdooi en begin saam gesels. Die inligting het gegaan oor vakkeuses, loopbaan moontlikhede, persoonlikheidseienskappe en ook haar aanlegte is volledig bespreek, met geleentheid vir vrae vrae en goeie logiese verduidelikings.

Sy het selfs inligtingstukke en gidse in my kind se betrokke belangstellingsvelde saamgebring en daaroor gesels!

Sinmarie het n besonderse aangename persoonlikheid wat mens “uitnooi” om te ontspan en sy toon ‘n natuurlike aanleg om met kinders te werk. Die wyse van optrede dui daarop dat sy ‘n kenner op haar gebied is.

.....

“Thank you for seeing us today and the excellent feedback and useful tips and guidelines not just to X but also to us as parents. I have no doubt that X will seize the day and make a tremendous success of his life. Thank you for encouragement to us as parents as well”. **Mother of a 9 year old boy after Play therapy**

.....

“Ek kan nooit genoeg vir jou dankie se nie!! Jy het my kind teruggebring!!

.....

Ons het so pas X se evaluering en nagesprek afgehandel. Ons het groot waardering vir julle diens en ondersteuning. Dra ook asb ons dank oor aan Me Pieterse vir haar professionele diens.

.....

Die kinders en hul ouers is baie beindruk met jou! Hulle glo hulle het goeie waarde vir hul geld gekry! Baie dankie vir al jou moeite met ons X kinders!! Jy hoor weer volgende jaar van my!! **Voorligting onderwyser**

.....

Beste Sinmarie

Dankie vir die evaluering van my kroos en terugvoering verlede Maandag. Ek kan sien jy het ‘n fyn aanvoeling en mensekennis.

C is in die wolke om nou iets konstruktiefs te he om aan te werk en om te fokus. Jou opsomming van haar was “spot on”. Sy is sprankelend en passievol met baie dryfkrag en drome. Ouer

.....

LEERDERS SE TERUGVOER IVM HUL BEROEPSLEIDING:

- Helped a lot and showed new direction.
- Dit het my baie gehelp om na die regte beroepe te kyk.
- 2007 Excellent methodology! Good care of young people! Very Professional!!
- 2007 Goed voorberei, het alle inligting gekry om my keuses te kan maak. Dit was absoluut die moeite werd!!
- Die tannie beskik oor ‘n wye kennis oor ‘n verskeidenheid beroepe en sy het my regtig laat dink oor dit wat sy gese het.
- Baie dankie! Dit het baie gehelp!
- Sy is ‘n wonderlike mens wat weet wat sy doen!!
- Baie dankie! Hy was BAIE beindruk met sy toetser!
- Baie meer van myself uitgevind!!
- Baie insiggewend!! Hoogs professioneel!! Dog vriendelik! Ons is baie meer kennisryk en verlig dankie.